BYBELSTUDIE OPENBARING LES 12 [LAODISEA].

Laodisea was ’n ryk stad. Die rykdom het gekom uit veeteelt en handel. Daar was groot skaapboerderye en ’n sagte swart glanswol is geproduseer waarvan wêreldbekende klere gemaak is. Tog lees ons in Openbaring 3:18 dat Christus praat van *julle skande, julle naaktheid.* Laodisea was ook bekend vir sy mediese skool, wat veral as ooghospitaal uitgeblink het. Daarom is dit so interessant dat Christus hulle aanraai om in geestelike sin oogsalf te koop om aan hulle oë te smeer sodat hulle kan sien [18]. Die stad was so ryk dat dit sonder enige hulp van buite herbou is na die vernietigende aardbewing van 60 n.C.
Die grootste probleem van die stad was sy gebrek aan watervoorsiening. Die water is ongeveer tien kilometer vêr deur pype vervoer, wat die stad kwesbaar gelaat het tydens oorlog.
Die bestaande godsdienste in Laodisea was die tipiese aanbidding van die Romeinse veelgodendom, veral Zeus, Apollo en Klaros, asook die Judaïsme, wat groot aanhang geniet het. Daar was ’n besonder groot Joodse gemeenskap in Laodisea. Die gemeente is waarskynlik tydens Paulus se verblyf in Efese gestig [Hand.19:10], moontlik deur Epafras [Kol.4:12]. Hierdie gemeente ontvang geen positiewe wense of lofprysing nie, maar word slegs bestraf.

BYBELSTUDIE OPENBARING 3:14-22 [LAODISEA].

1. LEES: Openbaring 3:14-22.
   Die brief aan Laodisea is volgens dieselfde patroon geskryf as die vorige briewe. Die volgende elemente word by Laodisea aangetref:
   Die adres [14a]
   Die selfbenoeming van die Here [14b]
   Dit wat die Here vir die gemeente sê:
   Hulle swak punte [15a, 15b, 16, 17a, 17b]
   Wat die gemeente moet doen [18a, 18b, 18c, 19a, 19b, 19c, 20a, 20b]
   Die vermaning om te luister [21,22].

2. LEES: Vers 15.

In hierdie vers vind ons ’n interessante probleem. Christus speel warm, lou en koue water teenoor mekaar af. Die opvallende is dat Hy die koue gelowiges [koue water] bó lou gelowiges [lou water] verkies.
Dink mooi oor die betekenis [waarde] van die koue water en kyk of u ’n antwoord kan vind oor waarom Christus dit bó lou water [lou Christene] verkies.
[Onthou: Net buite Laodisea was daar warm water wat gesorg het dat louwarm water by die stad aangekom het. Maar suid van die stad was daar ook heerlike koue water].

3. LEES: Vers 17 en 18.
   In vers 17 lees ons dat die gemeente geestelik arm, blind en kaal is. Die oplossing wat Christus voorstel, moet verstaan word teen die agtergrond van die stad se omstandighede self. Lees vers 18 en skryf by elke geestelike situasie van die gemeente [arm, blind, naak] wat Christus se oplossing is. Verduidelik wat elkeen beteken.

4. LEES: Vers 19; Spreuke 3:11-12; 13:24; 2 Timoteus 2:25; Hebreërs 12:6-7,10.
   In vers 19 BESTRAF en TUG Christus elkeen wat Hy liefhet. Wat is die verskil tussen bestraf en tug?

5. LEES: Vers 20.
   By wie se deur klop Christus hier: aan die hart van mense buite die kerk of aan die deur van die gemeente? Waarom sê u so?

   LEES: Vers 19.
   Wat is die betekenis van Christus se klop?

6. LEES: Vers 19; Matteus 18:20; Johannes 14:23; 2 Korintiërs 6:16.
   Wat is die gevolg indien lidmate tot bekering kom op die Here se roep [klop]?

7. Wat is volgens u die boodskap van Openbaring 3:14-22?

ANTWOORDE.

1. Die adres: Aan die gemeente in Laodisea [14a].
   Die selfbenoeming van die Here:
   > Christus, die geloofwaardige en ware getuie deur wie God alles geskep het [14b].

Dit wat die Here vir die gemeente sê:

Hulle swak punte:

Ek ken julle dade [15a].
Julle is nie koud of warm nie [15b].
Julle is koud en sal uitgespoeg word [16].
Julle meen julle is skatryk [17a].
Julle is ellendig, arm, blind en kaal [17b].

Wat die gemeente moet doen:

Koop goud by die Here [18a].
Koop wit klere [18b].
Koop oogsalf [18c].
Die Here bestraf en tug elkeen [19a].
Bekeer julle [19c].
Ek klop aan die deur [20a].
Wanneer julle oopmaak, volg 'n feesmaal [20b].

Die vermaning om te luister:

Wie oorwin sal saam met My op die troon sit [21].
Luister na die Gees [22].

2. Die beeld word gewoonlik uitgelê as sou die koue water verwys na gelowiges in wie se lewe daar niks aangaan nie en die lou water na Christene in wie se lewe daar darem iets gebeur. Maar in hierdie beeld moet ons na die water self gaan kyk. Warm water het genesende krag en koue water het verfrissende krag. Alles eienskappe wat lou water nie meer het nie. So word warm en koue water bruikbaar, maar lou water verwerplik. Dit sou beteken dat die gelowiges in Laodisea vir niemand iets beteken nie – nie vir die siekes nie [genesende krag van warm water] en ook nie vir die moeës nie [verfrissende krag van koue water]. Dit gaan dus in hierdie beeld oor die gemeente se nutteloosheid vir ander mense.
3. Arm - Koop by My goud wat deur vuur gelouter is.
   Goud verwys hier na die gemeente se geestelike geloofsrykdom in Christus wat hulle deur die geloof van Hom koop. Die 'deur vuur gelouter' verwys na beproewing en vervolging wat hulle moet verduur en wat nog voorlê om die geloof te suiwer en te laat groei.

Kaal - Koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie.
Volgens Openbaring dra wit klere die simboliese betekenis van geregtigheid, verlossing en oorwinning [vgl. Op. 6:11; 7:9; 13-14; 19:14]. Die raad om wit klere te dra, het dus die betekenis van bekering en geestelike vernuwing.

Blind - En koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien.

Die gemeente moet ‘geestelike insig’ by Christus gaan koop om weer te sien. Hierdie geestelike insig dui op inkeer of bekering.

NB: Die koop by Christus beteken om die gawes van God deur die geloof te aanvaar.

4. Om te bestraf [elencho] beteken om iemand tereg te wys. Dit beteken dat jy die persoon help om die probleem [sonde] te identifiseer en iets daaromtrent doen.
   Om te tug [paideuo] beteken om op te voed of te dissiplineer. So word iemand gehelp om weer op die regte spoor te kom [2Tim.2:25; Heb.12:6-7,10].
5. Vers 20 word gewoonlik verstaan as ’n uitnodiging en belofte aan diegene wat buite die gemeente van Christus staan. Maar volgens die verband met die res van die boodskap aan Laodisea, het hierdie vers eerder betrekking op gemeentelede wat in hulle selfvoldaanheid vir Christus uit hulle lewe geskuif het. Daarom praat Christus met individue in die gemeente: As *iemand* my stem hoor.....sal Ek by *hom* ingaan.

   Christus se klop hou verband met die oproep tot bekering.

6. Die gevolg van hierdie bekering is ’n feesmaal saam met Christus. Tafelgemeenskap by ’n fees was ’n tipiese Oosterse teken van hartlike deelname. Om saam met iemand te eet beteken dat die deelgenote versoenend deel is van mekaar se lewe. Hierdeur word ook op ’n simboliese manier deelgeneem aan die finale Messiaanse feesmaal [Op.19:6-9].
7. Oppervlakkigheid is die gevaar vir enige gemeente. Die groot vraag is of die liefde vir Christus [die vrug van die Gees] nog werklik is in ons doen en late.

Indien enige vrae uit hierdie les voortspruit, stuur dit asseblief na my e-posadres. Ek sal dit dan probeer antwoord.
Groete.
Izak [Phalaborwa].

****